

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
Hosea 1	Hosea 1
1:1 Die woord van die HERE wat gekom het tot Hoséa, die seun van Beëri, in die dae van Ussía, Jotam, Agas, Jehiskía, konings van Juda, en in die dae van Jeróbeam, die seun van Joas, koning van Israel.	1:1 The word of the Lord that came unto Hosea, the son of Beerī, in the days of Uzziah, Jotham, Ahaz, and Hezekiah, kings of Judah, and in the days of Jeroboam the son of Joash, king of Israel.
1:2 Die begin van wat die HERE met Hoséa gespreek het; die HERE het aan Hoséa gesê: Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou en hoerkinders; want die land het grootliksoverspel bedrywe deur van die HERE afvallig te word.	1:2 The beginning of the word of the Lord by Hosea. And the Lord said to Hosea, Go, take unto thee a wife of whoredoms and children of whoredoms: for the land hath committed great whoredom, departing from the Lord.
1:3 Toe het hy gegaan en Gomer, die dogter van Diblaim, geneem; en sy het swanger geword en vir hom 'n seun gebaar.	1:3 So he went and took Gomer the daughter of Diblaim; which conceived, and bare him a son.
1:4 En die HERE het vir hom gesê: Noem hom Jísreël, want nog 'n klein tydjie, dan sal Ek die bloedskuld van Jísreël aan die huis van Jehu besoek en 'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Israel.	1:4 And the Lord said unto him, Call his name Jezreel; for yet a little while, and I will avenge the blood of Jezreel upon the house of Jehu, and will cause to cease the kingdom of the house of Israel.
1:5 Ja, in dié dag sal Ek die boog van Israel verbreek in die laagte van Jísreël.	1:5 And it shall come to pass at that day, that I will break the bow of Israel, in the valley of Jezreel.
1:6 Toe het sy weer swanger geword en 'n dogter gebaar; en Hy het vir hom gesê: Noem haar Lo-Rugáma, want Ek sal My verder nie meer oor die huis van Israel ontferm deur hulle vergifnis te skenk nie.	1:6 And she conceived again, and bare a daughter. And God said unto him, Call her name Loruhamah: for I will no more have mercy upon the house of Israel; but I will utterly take them away.
1:7 Maar oor die huis van Juda sal Ek My ontferm en hulle verlos deur die HERE hulle God, en Ek sal hulle nie deur boog of swaard of oorlog, deur perde of ruiters verlos nie.	1:7 But I will have mercy upon the house of Judah, and will save them by the Lord their God, and will not save them by bow, nor by sword, nor by battle, by horses, nor by horsemen.
1:8 Nadat sy Lo-Rugáma gespeen het, het sy weer swanger geword en 'n seun gebaar.	1:8 Now when she had weaned Loruhamah, she conceived, and bare a son.
1:9 En Hy het gesê: Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie.	1:9 Then said God, Call his name Loammi: for ye are not my people, and I will not be your God.
1:10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God.	1:10 Yet the number of the children of Israel shall be as the sand of the sea, which cannot be measured nor numbered; and it shall come to pass, that in the place where it was said unto them, Ye are not my people, there it shall be said unto them, Ye are the sons of the living God.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
1:11 Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jísreël!	1:11 Then shall the children of Judah and the children of Israel be gathered together, and appoint themselves one head, and they shall come up out of the land: for great shall be the day of Jezreel.
Hosea 2	Hosea 2
2:1 Sê aan julle broers: Ammi, en aan julle susters: Rugáma.	2:1 Say ye unto your brethren, Ammi; and to your sisters, Ruhamah.
2:2 Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg.	2:2 Plead with your mother, plead: for she is not my wife, neither am I her husband: let her therefore put away her whoredoms out of her sight, and her adulteries from between her breasts;
2:3 Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterwe.	2:3 Lest I strip her naked, and set her as in the day that she was born, and make her as a wilderness, and set her like a dry land, and slay her with thirst.
2:4 En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore.	2:4 And I will not have mercy upon her children; for they be the children of whoredoms.
2:5 Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelige dinge gedoen; want sy het gesê: Ek wil my minnaars agterloop wat my brood en my water, my wol en my vlas, my olie en my drank gee.	2:5 For their mother hath played the harlot: she that conceived them hath done shamefully: for she said, I will go after my lovers, that give me my bread and my water, my wool and my flax, mine oil and my drink.
2:6 Daarom, kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en om haar 'n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie.	2:6 Therefore, behold, I will hedge up thy way with thorns, and make a wall, that she shall not find her paths.
2:7 En sy sal haar minnaars agterloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê: Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou.	2:7 And she shall follow after her lovers, but she shall not overtake them; and she shall seek them, but shall not find them: then shall she say, I will go and return to my first husband; for then was it better with me than now.
2:8 Ja, sy het nie erken dat Ek aan haar die koring en die mos en die olie gegee het nie, ook silwer vir haar vermenigvuldig het en goud, wat hulle vir Baäl gebruik het.	2:8 For she did not know that I gave her corn, and wine, and oil, and multiplied her silver and gold, which they prepared for Baal.
2:9 Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd en my mos op die bepaalde tyd, en wegneem my wol en my vlas wat dien om haar naaktheid te bedek.	2:9 Therefore will I return, and take away my corn in the time thereof, and my wine in the season thereof, and will recover my wool and my flax given to cover her nakedness.
2:10 Ek sal dan nou haar skaamte ontbloot voor die oë van haar minnaars, en niemand sal haar uit my hand red nie.	2:10 And now will I discover her lewdness in the sight of her lovers, and none shall deliver her out of mine hand.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
2:11 En Ek maak 'n einde aan al haar vreugde, haar feeste, haar nuwemane en haar sabbatte, ja, aan al haar feestye.	2:11 I will also cause all her mirth to cease, her feast days, her new moons, and her sabbaths, and all her solemn feasts.
2:12 En Ek sal haar wingerdstok en haar vyeboom verwoes waarvan sy gesê het: Hierdie dinge is my hoereloon wat my minnaars my gegee het; en Ek sal dit tot 'n bos maak, en die wilde diere van die veld sal dit opeet.	2:12 And I will destroy her vines and her fig trees, whereof she hath said, These are my rewards that my lovers have given me: and I will make them a forest, and the beasts of the field shall eat them.
2:13 So besoek Ek dan aan haar die dae van die Baäls toe sy vir hulle offerrook laat opgaan het en haar met haar neusring en haar halssierade versier en haar minnaars agternageloop het; maar My het sy vergeet, spreek die HERE.	2:13 And I will visit upon her the days of Baalim, wherein she burned incense to them, and she decked herself with her earrings and her jewels, and she went after her lovers, and forgot me, saith the Lord.
2:14 Daarom, kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek.	2:14 Therefore, behold, I will allure her, and bring her into the wilderness, and speak comfortably unto her.
2:15 Dan sal Ek haar daarvandaan haar wingerde gee en die dal Agor tot 'n deur van hoop, en daar sal sy antwoord gee soos in die dae van haar jeug en soos die dag toe sy uit Egipteland opgetrek het.	2:15 And I will give her her vineyards from thence, and the valley of Achor for a door of hope: and she shall sing there, as in the days of her youth, and as in the day when she came up out of the land of Egypt.
2:16 En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie.	2:16 And it shall be at that day, saith the Lord, that thou shalt call me Ishi; and shalt call me no more Baali.
2:17 Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie.	2:17 For I will take away the names of Baalim out of her mouth, and they shall no more be remembered by their name.
2:18 Verder sluit Ek in dié dag vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld en met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde; ja, boog en swaard en oorlog sal Ek verbreek uit die land, en Ek sal hulle in veiligheid laat rus.	2:18 And in that day will I make a covenant for them with the beasts of the field and with the fowls of heaven, and with the creeping things of the ground: and I will break the bow and the sword and the battle out of the earth, and will make them to lie down safely.
2:19 En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming.	2:19 And I will betroth thee unto me for ever; yea, I will betroth thee unto me in righteousness, and in judgment, and in lovingkindness, and in mercies.
2:20 En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.	2:20 I will even betroth thee unto me in faithfulness: and thou shalt know the Lord.
2:21 En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die HERE, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor.	2:21 And it shall come to pass in that day, I will hear, saith the Lord, I will hear the heavens, and they shall hear the earth;

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
2:22 En die aarde sal die koring verhoor en die mos en die olie, en dié sal Jísreël verhoor.	2:22 And the earth shall hear the corn, and the wine, and the oil; and they shall hear Jezreel.
2:23 En Ek sal haar vir My saai in die land en My oor Lo-Rugáma ontferm, en aan Lo-Ammi sê: Jy is m2:y volk; en hy sal sê: My God!	2:23 And I will sow her unto me in the earth; and I will have mercy upon her that had not obtained mercy; and I will say to them which were not my people, Thou art my people; and they shall say, Thou art my God.
Hosea 3	Hosea 3
3:1 En die HERE het vir my gesê: Gaan nog 'n keer, bemin 'n vrou wat bemin word deur haar vriend, maar wat owerspel bedrywe, net soos die HERE die kinders van Israel bemin, terwyl hulle hul tot ander gode wend en versot is op rosynekoek.	3:1 Then said the Lord unto me, Go yet, love a woman beloved of her friend, yet an adulteress, according to the love of the Lord toward the children of Israel, who look to other gods, and love flagons of wine.
3:2 Toe het ek haar vir my gekoop vir vyftien sikkels silwer en anderhalf homer gars.	3:2 So I bought her to me for fifteen pieces of silver, and for an homer of barley, and an half homer of barley:
3:3 En ek het aan haar gesê: Jy sal 'n lang tyd moet stilsit vir my, nie hoereer nie en aan geen man behoort nie; en so ook ek teenoor jou.	3:3 And I said unto her, Thou shalt abide for me many days; thou shalt not play the harlot, and thou shalt not be for another man: so will I also be for thee.
3:4 Want die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode.	3:4 For the children of Israel shall abide many days without a king, and without a prince, and without a sacrifice, and without an image, and without an ephod, and without teraphim:
3:5 Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae.	3:5 Afterward shall the children of Israel return, and seek the Lord their God, and David their king; and shall fear the Lord and his goodness in the latter days.
Hosea 4	Hosea 4
4:1 Hoor die woord van die HERE, o kinders van Israel! Want die HERE het 'n regspraak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie.	4:1 Hear the word of the Lord, ye children of Israel: for the Lord hath a controversy with the inhabitants of the land, because there is no truth, nor mercy, nor knowledge of God in the land.
4:2 Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak.	4:2 By swearing, and lying, and killing, and stealing, and committing adultery, they break out, and blood toucheth blood.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
4:3 Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, ook die visse van die see kom om.	4:3 Therefore shall the land mourn, and every one that dwelleth therein shall languish, with the beasts of the field, and with the fowls of heaven; yea, the fishes of the sea also shall be taken away.
4:4 Laat net niemand met ons twis of ons berispe nie! Nogtans is jou volk soos die wat met die priester twis!	4:4 Yet let no man strive, nor reprove another: for thy people are as they that strive with the priest.
4:5 Daarom sal jy struikel bedags, en ook die profeet saam met jou struikel in die nag, en Ek sal jou moeder te gronde laat gaan.	4:5 Therefore shalt thou fall in the day, and the prophet also shall fall with thee in the night, and I will destroy thy mother.
4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.	4:6 My people are destroyed for lack of knowledge: because thou hast rejected knowledge, I will also reject thee, that thou shalt be no priest to me: seeing thou hast forgotten the law of thy God, I will also forget thy children.
4:7 Hoe meer hulle vermenigvuldig het, des te meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle heerlijkheid in skande verander.	4:7 As they were increased, so they sinned against me: therefore will I change their glory into shame.
4:8 Hulle lewe van die sondoffer van my volk, en na dié se ongeregtheid verlang hulle siel.	4:8 They eat up the sin of my people, and they set their heart on their iniquity.
4:9 Daarom sal dit met die priester gaan soos met die volk—Ek sal by hom besoeking doen oor sy weë en hom vergeld na sy dade.	4:9 And there shall be, like people, like priest: and I will punish them for their ways, and reward them their doings.
4:10 Dan sal hulle eet, maar nie versadig word nie; hulle sal hoereer, maar nie uitbreek in menigte nie; want hulle het nagelaat om die HERE te vereer.	4:10 For they shall eat, and not have enough: they shall commit whoredom, and shall not increase: because they have left off to take heed to the Lord.
4:11 Hoerery en wyn en mos neem die hart weg.	4:11 Whoredom and wine and new wine take away the heart.
4:12 My volk raadpleeg sy hout, en sy staf moet hom die inligting gee; want 'n gees van hoerery het hulle verlei, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.	4:12 My people ask counsel at their stocks, and their staff declareth unto them: for the spirit of whoredoms hath caused them to err, and they have gone a whoring from under their God.
4:13 Hulle offer op die bergtoppe en laat rook opgaan op die heuwels, onder die eike en populiere en terpentynbome, omdat die skaduwee daar goed is. Daarom pleeg julle dogters hoerery, en julle skoondogters bedryf owerspel.	4:13 They sacrifice upon the tops of the mountains, and burn incense upon the hills, under oaks and poplars and elms, because the shadow thereof is good: therefore your daughters shall commit whoredom, and your spouses shall commit adultery.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
4:14 Ek sal oor julle dogters geen besoeking doen omdat hulle hoereer nie, en ook nie oor julle skoon dogters omdat hulle owerspel bedryf nie; want die manne sonder hulleself af met die hoere en offer met die tempelhoere. So kom dan die volk wat geen verstand het nie, tot 'n val.	4:14 I will not punish your daughters when they commit whoredom, nor your spouses when they commit adultery: for themselves are separated with whores, and they sacrifice with harlots: therefore the people that doth not understand shall fall.
4:15 As jy hoereer, o Israel, laat Juda hom tog nie skuldig maak nie! Kom dan nie na Gilgal nie, en gaan nie op na Bet-Awen nie, en sweer nie: So waar as die HERE leef!	4:15 Though thou, Israel, play the harlot, yet let not Judah offend; and come not ye unto Gilgal, neither go ye up to Bethaven, nor swear, The Lord liveth.
4:16 Want Israel is wederstrewig soos 'n wederstrewige koei; nou sal die HERE hulle laat wei soos 'n lam in die oop veld.	4:16 For Israel slideth back as a backsliding heifer: now the Lord will feed them as a lamb in a large place.
4:17 Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!	4:17 Ephraim is joined to idols: let him alone.
4:18 As hulle drinkery verby is, dan hoereer hulle te meer. Hulle vorste is versot op skande.	4:18 Their drink is sour: they have committed whoredom continually: her rulers with shame do love, Give ye.
4:19 Die wind bind hulle in sy vleuels, sodat hulle oor hul offers beskaamd sal staan.	4:19 The wind hath bound her up in her wings, and they shall be ashamed because of their sacrifices.
Hosea 5	Hosea 5
5:1 Hoor dit, o priesters, en let op, o huis van Israel, en gee gehoor, o huis van die koning! Want die vonnis raak julle, omdat julle vir Mispa 'n vangnet geword het en 'n uitgespreide net op Tabor.	5:1 Hear ye this, O priests; and hearken, ye house of Israel; and give ye ear, O house of the king; for judgment is toward you, because ye have been a snare on Mizpah, and a net spread upon Tabor.
5:2 Ja, in verderflike praktyke verdiep die afvalliges hulle, maar Ek sal hulle almal tot tugtiging wees.	5:2 And the revoltors are profound to make slaughter, though I have been a rebuker of them all.
5:3 Ek ken Efraim, en Israel is vir My nie verborge nie; want nou het jy owerspel bedrywe, o Efraim! Israel is verontreinig.	5:3 I know Ephraim, and Israel is not hid from me: for now, O Ephraim, thou committest whoredom, and Israel is defiled.
5:4 Hulle dade gedoog geen terugkeer tot hulle God nie, want daar is 'n gees van hoerery in hulle binneste, en hulle ken die HERE nie.	5:4 They will not frame their doings to turn unto their God: for the spirit of whoredoms is in the midst of them, and they have not known the Lord.
5:5 En die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en Israel en Efraim sal struikel deur hulle ongeregtheid, ook Juda sal saam met hulle struikel.	5:5 And the pride of Israel doth testify to his face: therefore shall Israel and Ephraim fall in their iniquity: Judah also shall fall with them.
5:6 Met hulle kleinvee en hulle beeste sal hulle heengaan om die HERE te soek, maar Hom nie vind nie. Hy het Hom aan hulle onttrek.	5:6 They shall go with their flocks and with their herds to seek the Lord; but they shall not find him; he hath withdrawn himself from them.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
5:7 Hulle het troueloos gehandel teen die HERE, want hulle het onegte kinders verwek; nou sal die nuwemaan hulle met hul velde verteer.	5:7 They have dealt treacherously against the Lord: for they have begotten strange children: now shall a month devour them with their portions.
5:8 Blaas die basuin in Gíbea, die trompet in Rama! Hef aan die krygsgeskreeu in Bet-Awen. Agter jou kom dit, Benjamin!	5:8 Blow ye the cornet in Gibeah, and the trumpet in Ramah: cry aloud at Bethaven, after thee, O Benjamin.
5:9 Efraim sal 'n woesteny word op die dag van straf; onder die stamme van Israel maak Ek bekend wat seker is.	5:9 Ephraim shall be desolate in the day of rebuke: among the tribes of Israel have I made known that which shall surely be.
5:10 Die vorste van Juda is soos hulle wat die grenslyne verlê. Ek sal my grimmigheid oor hulle uitgiet soos water.	5:10 The princes of Judah were like them that remove the bound: therefore I will pour out my wrath upon them like water.
5:11 Efraim is verdruk, verbreek deur die oordeel; want dit het hom behaag om na die gebod van mense te wandel.	5:11 Ephraim is oppressed and broken in judgment, because he willingly walked after the commandment.
5:12 Daarom is Ek vir Efraim soos 'n mot en vir die huis van Juda soos 'n verrotting in die gebeente.	5:12 Therefore will I be unto Ephraim as a moth, and to the house of Judah as rottenness.
5:13 Toe Efraim sy krankheid sien en Juda sy sweer, het Efraim na Assur gegaan en na koning Jareb gestuur; maar hy kan julle nie genees en julle van die sweer nie gesond maak nie.	5:13 When Ephraim saw his sickness, and Judah saw his wound, then went Ephraim to the Assyrian, and sent to king Jareb: yet could he not heal you, nor cure you of your wound.
5:14 Want Ek is soos 'n leeu vir Efraim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Juda; Ek, Ek verskeur en gaan heen, Ek dra weg sonder dat iemand red.	5:14 For I will be unto Ephraim as a lion, and as a young lion to the house of Judah: I, even I, will tear and go away; I will take away, and none shall rescue him.
5:15 Dan gaan Ek heen, Ek keer na my woonplek terug, totdat hulle skuld beken en my aangesig soek. In hulle nood sal hulle My soek.	5:15 I will go and return to my place, till they acknowledge their offence, and seek my face: in their affliction they will seek me early.
Hosea 6	Hosea 6
6:1 Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.	6:1 Come, and let us return unto the Lord: for he hath torn, and he will heal us; he hath smitten, and he will bind us up.
6:2 Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.	6:2 After two days will he revive us: in the third day he will raise us up, and we shall live in his sight.
6:3 En laat ons ken—laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.	6:3 Then shall we know, if we follow on to know the Lord: his going forth is prepared as the morning; and he shall come unto us as the rain, as the latter and former rain unto the earth.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:4 Wat sal Ek met jou doen, o Efraim; wat sal Ek met jou doen, o Juda? aangesien julle liefde is soos 'n môrewolk en soos 'n dou wat vroeg weer verdwyn.	6:4 O Ephraim, what shall I do unto thee? O Judah, what shall I do unto thee? for your goodness is as a morning cloud, and as the early dew it goeth away.
6:5 Daarom het Ek hulle neergekap deur die profete, hulle gedood deur die woorde van my mond, en die oordele oor jou kom te voorskyn soos 'n ligstraal.	6:5 Therefore have I hewed them by the prophets; I have slain them by the words of my mouth: and thy judgments are as the light that goeth forth.
6:6 Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.	6:6 For I desired mercy, and not sacrifice; and the knowledge of God more than burnt offerings.
6:7 Maar hulle het soos Adam die verbond oortree, daar het hulle troueloos teen My gehandel.	6:7 But they like men have transgressed the covenant: there have they dealt treacherously against me.
6:8 Gilead is 'n stad van kwaaddoeners, vol bloedspore.	6:8 Gilead is a city of them that work iniquity, and is polluted with blood.
6:9 En soos 'n rower op die loer lê, loer 'n priesterbende; hulle pleeg moord op die pad na Sigem, ja, hulle het skandelige dade gedoen.	6:9 And as troops of robbers wait for a man, so the company of priests murder in the way by consent: for they commit lewdness.
6:10 In die huis van Israel het Ek 'n afskuwelike ding gesien: Efraim het daar tot hoerery verval, Israel is verontreinig.	6:10 I have seen an horrible thing in the house of Israel: there is the whoredom of Ephraim, Israel is defiled.
6:11 Ook vir jou, o Juda, is daar 'n oes beskik as Ek die lot van my volk verander.	6:11 Also, O Judah, he hath set an harvest for thee, when I returned the captivity of my people.
Hosea 7	Hosea 7
7:1 Terwyl Ek Israel genees, word die ongeregtigheid van Efraim openbaar en die booshede van Samaría; want hulle pleeg bedrog en die dief breek in en 'n rowerbende plunder op die straat.	7:1 When I would have healed Israel, then the iniquity of Ephraim was discovered, and the wickedness of Samaria: for they commit falsehood; and the thief cometh in, and the troop of robbers spoileth without.
7:2 En hulle sê nie in hulle hart dat Ek aan al hulle boosheid dink nie; nou omsingel hulle dade hulle, dit lê oop voor my aangesig.	7:2 And they consider not in their hearts that I remember all their wickedness: now their own doings have beset them about; they are before my face.
7:3 Met hulle boosheid verbly hulle die koning en met hulle leuens die vorste.	7:3 They make the king glad with their wickedness, and the princes with their lies.
7:4 Hulle is almal owerspelers; hulle is soos 'n oond wat bly brand, ook al het die bakker opgehou met stook, vandat die deeg geknee word totdat dit deursuur is.	7:4 They are all adulterers, as an oven heated by the baker, who ceaseth from raising after he hath kneaded the dough, until it be leavened.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
7:5 Op die dag van ons koning is die vorste siek van verhitting deur wyn; hy steek sy hand uit na die spotters.	7:5 In the day of our king the princes have made him sick with bottles of wine; he stretched out his hand with scorers.
7:6 Ja, hulle het hul hart gemaak soos 'n oond in hul arglistigheid; die ganse nag deur slaap hulle bakker, in die môre vroeg brand dit soos 'n vuurvlam.	7:6 For they have made ready their heart like an oven, whiles they lie in wait: their baker sleepeth all the night; in the morning it burneth as a flaming fire.
7:7 Hulle almal gloei soos 'n oond en verteer hul regeerders, al hulle konings val; daar is niemand onder hulle wat My aanroep nie.	7:7 They are all hot as an oven, and have devoured their judges; all their kings are fallen: there is none among them that calleth unto me.
7:8 Efraim—hy vermeng hom met die volke; Efraim is 'n roosterkoek wat nie omgekeer is nie.	7:8 Ephraim, he hath mixed himself among the people; Ephraim is a cake not turned.
7:9 Vreemdes verteer sy krag, en hy bemerk dit nie; ook is grysheid oor hom uitgesprei, en hy weet dit nie.	7:9 Strangers have devoured his strength, and he knoweth it not: yea, gray hairs are here and there upon him, yet he knoweth not.
7:10 Ja, die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en tog bekeer hulle hul nie tot die HERE hulle God nie, en ondanks dit alles soek hulle Hom nie.	7:10 And the pride of Israel testifieth to his face: and they do not return to the Lord their God, nor seek him for all this.
7:11 So het Efraim dan geword soos 'n onnosele duif sonder verstand; hulle roep na Egipte, hulle gaan na Assur.	7:11 Ephraim also is like a silly dove without heart: they call to Egypt, they go to Assyria.
7:12 Wanneer hulle gaan, sal Ek my net oor hulle uitsprei; soos die voëls van die hemel trek Ek hulle neer; Ek tugtig hulle soos in hulle samekoms aangekondig is.	7:12 When they shall go, I will spread my net upon them; I will bring them down as the fowls of the heaven; I will chastise them, as their congregation hath heard.
7:13 Wee hulle, omdat hulle van My weggevlieg het! Verwoesting oor hulle, omdat hulle teen My oortree het! Ék tog wou hulle verlos, maar hulle het leuens teen My gespreek.	7:13 Woe unto them! for they have fled from me: destruction unto them! because they have transgressed against me: though I have redeemed them, yet they have spoken lies against me.
7:14 Ook roep hulle nie van harte na My nie, maar jammer op hulle bedde; ter wille van koring en mos kerwe hulle hulself stukkend; hulle is opstandig teen My.	7:14 And they have not cried unto me with their heart, when they howled upon their beds: they assemble themselves for corn and wine, and they rebel against me.
7:15 Alhoewel Ek hulle arms geoefen, versterk het, het hulle kwaad teen My beraam.	7:15 Though I have bound and strengthened their arms, yet do they imagine mischief against me.
7:16 Hulle keer terug, maar nie na bo nie; hulle is soos 'n bedrieglike boog; hulle vorste sal val deur die swaard weens die skeldwoorde van hulle tong. Dit is hulle bespotting in Egipteland.	7:16 They return, but not to the most High: they are like a deceitful bow: their princes shall fall by the sword for the rage of their tongue: this shall be their derision in the land of Egypt.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
Hosea 8	Hosea 8
8:1 Die basuin aan jou mond! Soos 'n arend skiet dit neer op die huis van die HERE! Omdat hulle my verbond oortree het en teen my wet gesondig het.	8:1 Set the trumpet to thy mouth. He shall come as an eagle against the house of the Lord, because they have transgressed my covenant, and trespassed against my law.
8:2 My roep hulle toe: My God, ons, Israel, ken U.	8:2 Israel shall cry unto me, My God, we know thee.
8:3 Israel het die goeie verwerp—die vyand sal hom agtervolg!	8:3 Israel hath cast off the thing that is good: the enemy shall pursue him.
8:4 Hulle het konings aangestel, maar nie uit My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my wete; van hul silwer en goud het hulle vir hul afgode gemaak tot hulle verderf.	8:4 They have set up kings, but not by me: they have made princes, and I knew it not: of their silver and their gold have they made them idols, that they may be cut off.
8:5 Jou kalf, o Samaría, is afskuwelik; my toorn is teen hulle ontvlam. Hoe lank sal hulle tot reinheid onbekwaam wees?	8:5 Thy calf, O Samaria, hath cast thee off; mine anger is kindled against them: how long will it be ere they attain to innocency?
8:6 Want dit is ook uit Israel: 'n smid het dit gemaak, en dit is geen god nie; maar tot splinters sal dit word—die kalf van Samaría.	8:6 For from Israel was it also: the workman made it; therefore it is not God: but the calf of Samaria shall be broken in pieces.
8:7 Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai; dit het geen halm nie; wat uitspruit, lewer geen meel op nie; selfs as dit iets oplewer, sou vreemdelinge dit verslind.	8:7 For they have sown the wind, and they shall reap the whirlwind: it hath no stalk; the bud shall yield no meal: if so be it yield, the strangers shall swallow it up.
8:8 Israel is verslind; alreeds is hulle onder die volke soos iets wat waardeloos is.	8:8 Israel is swallowed up: now shall they be among the Gentiles as a vessel wherein is no pleasure.
8:9 Want hulle het opgetrek na Assur—'n wilde-esel wat eiesinnig rondloop, is Efraim! —hulle het onwettige bondgenootskappe gewerf.	8:9 For they are gone up to Assyria, a wild ass alone by himself: Ephraim hath hired lovers.
8:10 Ook al werf hulle onder die volke, Ek sal hulle nou saamraap, en hulle sal begin minder word weens die laste deur die koning van die vorste opgelê.	8:10 Yea, though they have hired among the nations, now will I gather them, and they shall sorrow a little for the burden of the king of princes.
8:11 Want Efraim het die altare vermenigvuldig om te sondig—die altare het vir hom tot sonde geword.	8:11 Because Ephraim hath made many altars to sin, altars shall be unto him to sin.
8:12 Ek het hom tien duisende leringe van my wet voorgeskrywe, maar dit word as iets vreemds geag.	8:12 I have written to him the great things of my law, but they were counted as a strange thing.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
8:13 Slagoffers, My aangebied, offer hulle—vleis is dit, en hulle eet; die HERE het geen behae daarin nie. Nou sal Hy aan hulle ongeregtheid dink en oor hulle sondes besoeking doen; hulle sal teruggaan na Egipte.	8:13 They sacrifice flesh for the sacrifices of mine offerings, and eat it; but the Lord accepteth them not; now will he remember their iniquity, and visit their sins: they shall return to Egypt.
8:14 Omdat Israel sy Maker vergeet en paleise gebou het, en Juda 'n menigte versterkte stede, daarom sal Ek 'n vuur in sy stede slinger wat sy paleise sal verteer.	8:14 For Israel hath forgotten his Maker, and buildeth temples; and Judah hath multiplied fenced cities: but I will send a fire upon his cities, and it shall devour the palaces thereof.
Hosea 9	Hosea 9
9:1 Wees nie bly met gejuig, o Israel, soos die volke nie, want jy het gehoereer van jou God af weg; jy het hoereloon liefgehad op al die koringdorsvloere.	9:1 Rejoice not, O Israel, for joy, as other people: for thou hast gone a whoring from thy God, thou hast loved a reward upon every cornfloor.
9:2 Dorsvloer en parskuip sal hulle nie voed nie, en die mos sal hulle in die steek laat.	9:2 The floor and the winepress shall not feed them, and the new wine shall fail in her.
9:3 Hulle sal in die land van die HERE nie bly nie; maar Efraim sal na Egipte teruggaan, en in Assur sal hulle eet wat onrein is.	9:3 They shall not dwell in the Lord's land; but Ephraim shall return to Egypt, and they shall eat unclean things in Assyria.
9:4 Hulle sal vir die HERE geen wyn uitgiet nie, en hulle slagoffers sal vir Hom nie welgevallig wees nie; soos tranebrood sal hulle spys vir hulle wees. Almal wat daarvan eet, word verontreinig; want hulle brood is vir hulleself: dit sal nie in die huis van die HERE kom nie.	9:4 They shall not offer wine offerings to the Lord, neither shall they be pleasing unto him: their sacrifices shall be unto them as the bread of mourners; all that eat thereof shall be polluted: for their bread for their soul shall not come into the house of the Lord.
9:5 Wat sal julle dan doen op die feestyd en op die feesdag van die HERE?	9:5 What will ye do in the solemn day, and in the day of the feast of the Lord?
9:6 Want kyk, hulle gaan heen weens die verwoesting: Egipte sal hulle versamel, Mof hulle begrawe; onkruid sal hulle skat van silwergoed in besit neem, dorings in hulle tente wees.	9:6 For, lo, they are gone because of destruction: Egypt shall gather them up, Memphis shall bury them: the pleasant places for their silver, nettles shall possess them: thorns shall be in their tabernacles.
9:7 Die dae van besoeking het gekom, die dae van vergelding het gekom; Israel sal dit ervaar! Die profeet word 'n dwaas, die man van die gees 'n waansinnige, weens die grootheid van jou ongeregtheid, en omdat die vyandskap groot is.	9:7 The days of visitation are come, the days of recompence are come; Israel shall know it: the prophet is a fool, the spiritual man is mad, for the multitude of thine iniquity, and the great hatred.
9:8 Efraim is 'n spioen teenoor my God; wat die profeet aangaan, die net van 'n voëlvanger is op al sy weë gesprei, vyandskap in die huis van sy God.	9:8 The watchman of Ephraim was with my God: but the prophet is a snare of a fowler in all his ways, and hatred in the house of his God.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
9:9 Hulle het baie, baie verkeerd gehandel soos in die dae van Gibeah. Hy sal dink aan hulle ongeregtigheid, besoeking doen oor hulle sondes.	9:9 They have deeply corrupted themselves, as in the days of Gibeah: therefore he will remember their iniquity, he will visit their sins.
9:10 Ek het Israel gevind soos druiwe in die woestyn; Ek het julle vaders gesien soos voorvye aan die vyeboom in sy eerste groei; maar hulle het na Baäl-Peor gekom en hulle aan die skandegod toegewy en 'n verfoeisel geword net soos die voorwerp van hulle liefde.	9:10 I found Israel like grapes in the wilderness; I saw your fathers as the firstripe in the fig tree at her first time: but they went to Baalpeor, and separated themselves unto that shame; and their abominations were according as they loved.
9:11 Efraim—sy heerlijkheid sal wegvlieg soos 'n voël. Geen geboorte, geen moederskap, geen ontvangenis meer nie!	9:11 As for Ephraim, their glory shall fly away like a bird, from the birth, and from the womb, and from the conception.
9:12 Ja, al sou hulle hul kinders grootmaak, Ek maak hulle kinderloos, sonder mense; ja, wee hulleself ook as Ek van hulle wyk.	9:12 Though they bring up their children, yet will I bereave them, that there shall not be a man left: yea, woe also to them when I depart from them!
9:13 Efraim, soos Ek dit sien na Tirus heen, is geplant in 'n mooi omgewing, maar Efraim sal sy seuns na die moordenaar moet uitbring.	9:13 Ephraim, as I saw Tyrus, is planted in a pleasant place: but Ephraim shall bring forth his children to the murderer.
9:14 Gee hulle, o HERE—wat sal U gee? —gee hulle 'n kinderlose moederskoot en uitgedroogde borste.	9:14 Give them, O Lord: what wilt thou give? give them a miscarrying womb and dry breasts.
9:15 Al hulle boosheid is byeen in Gilgal, want daar het Ek hulle begin haat weens die boosheid van hulle handeling; Ek sal hulle uit my huis uitdrywe, hulle nie meer liefhê nie. Al hulle vorste is opstandig.	9:15 All their wickedness is in Gilgal: for there I hated them: for the wickedness of their doings I will drive them out of mine house, I will love them no more: all their princes are revolvers.
9:16 Efraim is getref, hulle wortel het verdor, hulle dra geen vrug meer nie; ook wanneer hulle kinders baar, sal Ek nogtans die lieflinge van hulle skoot ombring.	9:16 Ephraim is smitten, their root is dried up, they shall bear no fruit: yea, though they bring forth, yet will I slay even the beloved fruit of their womb.
9:17 My God sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies.	9:17 My God will cast them away, because they did not hearken unto him: and they shall be wanderers among the nations.
Hosea 10	Hosea 10
10:1 Israel was 'n weelderig uitbottende wynstok wat sy vrug voortgebring het; hoe meer vrug hy gedra het, des te meer altare het hy gebou; hoe beter dit met sy land gesteld was, des te beter het hy die klippilare gemaak.	10:1 Israel is an empty vine, he bringeth forth fruit unto himself: according to the multitude of his fruit he hath increased the altars; according to the goodness of his land they have made goodly images.
10:2 Vals is hulle hart; nou sal hulle daarvoor boet; Hy sal hulle altare stukkend breek, hulle klippilare verwoes.	10:2 Their heart is divided; now shall they be found faulty: he shall break down their altars, he shall spoil their images.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
10:3 Ja, nou sal hulle sê: Ons het geen koning nie, want ons het die HERE nie gevrees nie; en die koning—wat sou hy vir ons kan doen?	10:3 For now they shall say, We have no king, because we feared not the Lord; what then should a king do to us?
10:4 Hulle het groot woorde gespreek, vals gesweer, verbonde gesluit—en soos 'n gifplant spruit die oordeel uit in die vore van die landerye.	10:4 They have spoken words, swearing falsely in making a covenant: thus judgment springeth up as hemlock in the furrows of the field.
10:5 Oor die kalf van Bet-Awen sal die inwoners van Samaría besorg wees; want sy volk sal oor hom treur en sy afgodspriesters oor hom sidder, oor sy heerlikheid, omdat dit van hom weggevoer is.	10:5 The inhabitants of Samaria shall fear because of the calves of Bethaven: for the people thereof shall mourn over it, and the priests thereof that rejoiced on it, for the glory thereof, because it is departed from it.
10:6 Hy sal ook self na Assur weggevoer word as 'n geskenk aan koning Jareb; skaamte sal Efraim aangryp, en Israel sal beskaamd staan oor sy eie raadsbesluit.	10:6 It shall be also carried unto Assyria for a present to king Jareb: Ephraim shall receive shame, and Israel shall be ashamed of his own counsel.
10:7 Samaría word vernietig, sy koning is soos 'n spaander op die water.	10:7 As for Samaria, her king is cut off as the foam upon the water.
10:8 En die hoogtes van Awen, Israel se sonde, word verdelg, dorings en distels sal opskiet op hulle altare; en hulle sal tot die berge sê: Bedek ons! en tot die heuwels: Val op ons!	10:8 The high places also of Aven, the sin of Israel, shall be destroyed: the thorn and the thistle shall come up on their altars; and they shall say to the mountains, Cover us; and to the hills, Fall on us.
10:9 Sedert die dae van Gíbea het jy gesondig, o Israel! Daar staan hulle—moet die stryd teen die kwaaddoeners hulle nie oorval in Gíbea nie?	10:9 O Israel, thou hast sinned from the days of Gibeah: there they stood: the battle in Gibeah against the children of iniquity did not overtake them.
10:10 Dit is my begeerte om hulle te tugtig, en volke sal teen hulle versamel word as hulle gebind word aan hulle twee ongeregtighede.	10:10 It is in my desire that I should chastise them; and the people shall be gathered against them, when they shall bind themselves in their two furrows.
10:11 Maar Efraim is 'n geleerde jong koei wat gewillig dors; nogtans sal Ek self oor haar mooi nek gaan: Ek sal Efraim laat trek; Juda sal die ploeg trek, Jakob sal die eg sleep.	10:11 And Ephraim is as an heifer that is taught, and loveth to tread out the corn; but I passed over upon her fair neck: I will make Ephraim to ride; Judah shall plow, and Jacob shall break his clods.
10:12 Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.	10:12 Sow to yourselves in righteousness, reap in mercy; break up your fallow ground: for it is time to seek the Lord, till he come and rain righteousness upon you.
10:13 Julle het goddeloosheid ingeploeë, julle het slegtigheid gemaai, die vrug van leuens geëet, omdat jy op jou weg vertrou het, op die menigte van jou helde.	10:13 Ye have plowed wickedness, ye have reaped iniquity; ye have eaten the fruit of lies: because thou didst trust in thy way, in the multitude of thy mighty men.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
10:14 Daarom sal daar oorlogsrumoer onder jou volke ontstaan en al jou vestings verwoes word net soos Salman Bet-Arbel verwoes het in die dag van oorlog: moeders is met kinders en al verpletter.	10:14 Therefore shall a tumult arise among thy people, and all thy fortresses shall be spoiled, as Shalman spoiled Betharbel in the day of battle: the mother was dashed in pieces upon her children.
10:15 Net so het Bet-el aan julle gedoen weens julle ontsettende boosheid; in die môre vroeg is dit gedaan, gedaan met die koning van Israel.	10:15 So shall Bethel do unto you because of your great wickedness: in a morning shall the king of Israel utterly be cut off.
Hosea 11	Hosea 11
11:1 Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep.	11:1 When Israel was a child, then I loved him, and called my son out of Egypt.
11:2 Hoe meer die profete hulle geroep het, des te meer het hulle van hulle af weggegaan; hulle het aan die Baäls geoffer en vir die gesnede beelde rook laat opgaan.	11:2 As they called them, so they went from them: they sacrificed unto Baalim, and burned incense to graven images.
11:3 En Ek self het Efraim leer loop. Hy het hulle op sy arms geneem, maar hulle het nie erken dat Ek hulle genees het nie.	11:3 I taught Ephraim also to go, taking them by their arms; but they knew not that I healed them.
11:4 Met mensebande, met koorde van liefde het Ek hulle getrek; en Ek was vir hulle soos diegene wat die juk van hulle kakebeen af ophang; en Ek het My na hom neergebuig, Ek het hom voedsel gegee.	11:4 I drew them with cords of a man, with bands of love: and I was to them as they that take off the yoke on their jaws, and I laid meat unto them.
11:5 Hy sal na Egipteland nie terugkeer nie, maar Assur—dié sal sy koning wees; omdat hulle geweier het om hulle te bekeer.	11:5 He shall not return into the land of Egypt, and the Assyrian shall be his king, because they refused to return.
11:6 En die swaard sal geswaai word in sy stede en sy grendels vernietig en verteer weens hulle planne.	11:6 And the sword shall abide on his cities, and shall consume his branches, and devour them, because of their own counsels.
11:7 Want my volk dwing om van My afvallig te word; en as die profete hom roep na bo, rig hy hom glad nie op nie.	11:7 And my people are bent to backsliding from me: though they called them to the most High, none at all would exalt him.
11:8 Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Admah, jou gelykstel met Seboim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.	11:8 How shall I give thee up, Ephraim? how shall I deliver thee, Israel? how shall I make thee as Admah? how shall I set thee as Zeboim? mine heart is turned within me, my repentings are kindled together.
11:9 Ek sal my toornloed nie laat geld nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie.	11:9 I will not execute the fierceness of mine anger, I will not return to destroy Ephraim: for I am God, and not man; the Holy One in the midst of thee: and I will not enter into the city.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
11:10 Hulle sal agter die HERE aan trek; Hy sal brul soos 'n leeu. Want Hy sal brul, en die kinders sal met siddering van die seekant aankom.	11:10 They shall walk after the Lord: he shall roar like a lion: when he shall roar, then the children shall tremble from the west.
11:11 Hulle sal sidderende aankom soos 'n voëltjie uit Egipte en soos 'n duif uit die land Assur; en Ek sal hulle laat woon in hulle huise, spreek die HERE.	11:11 They shall tremble as a bird out of Egypt, and as a dove out of the land of Assyria: and I will place them in their houses, saith the Lord.
11:12 Efraim het My omsingel met leuens, en die huis van Israel met bedrog; terwyl Juda nog altyd bandeloos is teenoor God, ja, teenoor die Allerheiligste, die Getroue.	11:12 Ephraim compasseth me about with lies, and the house of Israel with deceit: but Judah yet ruleth with God, and is faithful with the saints.
Hosea 12	Hosea 12
12:1 Efraim hou hom besig met wind, en hy agtervolg die oostewind; die hele dag vermeerder hy leuens en geweld, en hulle sluit 'n verbond met Assur, terwyl olie na Egipte gevoer word.	12:1 Ephraim feedeth on wind, and followeth after the east wind: he daily increaseth lies and desolation; and they do make a covenant with the Assyrians, and oil is carried into Egypt.
12:2 Die HERE het ook 'n twis met Juda, en Hy sal oor Jakob besoeking doen volgens sy weë, hom vergelde na sy dade.	12:2 The Lord hath also a controversy with Judah, and will punish Jacob according to his ways; according to his doings will he recompense him.
12:3 In die moederskoot het hy sy broer by die hakskeen gehou, en in sy manlike krag het hy met God geworstel.	12:3 He took his brother by the heel in the womb, and by his strength he had power with God:
12:4 Ja, hy het met die Engel geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en Hom gesmeek. By Bet-el het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gespreek.	12:4 Yea, he had power over the angel, and prevailed: he wept, and made supplication unto him: he found him in Bethel, and there he spake with us;
12:5 En HERE God van die leërskaare, HERE is sy gedenknaam.	12:5 Even the Lord God of hosts; the Lord is his memorial.
12:6 En jy, tot jou God moet jy terugkeer, beoefen liefde en reg, en hoop gedurigdeur op jou God.	12:6 Therefore turn thou to thy God: keep mercy and judgment and wait on thy God continually.
12:7 Kanaän—in sy hand is daar 'n valse weegskaal, hy hou daarvan om af te pers.	12:7 He is a merchant, the balances of deceit are in his hand: he loveth to oppress.
12:8 Maar Efraim sê: Tog het ek ryk geword, ek het vir my 'n vermoë verwerf. Alles wat ek verwerf het, is nie genoeg om op my enige sondeskuld te lê nie.	12:8 And Ephraim said, Yet I am become rich, I have found me out substance: in all my labours they shall find none iniquity in me that were sin.
12:9 Maar Ek is die HERE jou God van Egipteland af, Ek sal jou weer in tente laat woon soos in die dae van die huttefees.	12:9 And I that am the Lord thy God from the land of Egypt will yet make thee to dwell in tabernacles, as in the days of the solemn feast.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
12:10 Ek het ook tot die profete gespreek, en Ek het gesigte vermenigvuldig en deur middel van die profete gelykenisse voorgedra.	12:10 I have also spoken by the prophets, and I have multiplied visions, and used similitudes, by the ministry of the prophets.
12:11 Was Gilead goddeloosheid hulle het louter nietigheid geword. In Gilgal het hulle beeste geoffer; so sal dan hulle altare wees soos kliphope op die vore van die landerye.	12:11 Is there iniquity in Gilead? surely they are vanity: they sacrifice bullocks in Gilgal; yea, their altars are as heaps in the furrows of the fields.
12:12 En Jakob het gevlug na die veld van Aram, en Israel was diensbaar vir 'n vrou as loon, en vir 'n vrou het hy vee opgepas.	12:12 And Jacob fled into the country of Syria, and Israel served for a wife, and for a wife he kept sheep.
12:13 Maar deur 'n profeet het die HERE Israel uit Egipte laat optrek, en deur 'n profeet is hulle opgepas.	12:13 And by a prophet the Lord brought Israel out of Egypt, and by a prophet was he preserved.
12:14 Efraim het die HERE bitterlik geterg; daarom sal Hy sy bloedskulde op hom laat neerkom, ja, sy Here sal hom vir die aangedane smaad vergelde.	12:14 Ephraim provoked him to anger most bitterly: therefore shall he leave his blood upon him, and his reproach shall his Lord return unto him.
Hosea 13	Hosea 13
13:1 As Efraim net gespreek het, was daar siddering; hoog het hy gestaan in Israel. Maar hy het hom skuldig gemaak deur die Baäl en gesterwe.	13:1 When Ephraim spake trembling, he exalted himself in Israel; but when he offended in Baal, he died.
13:2 En nou gaan hulle voort om te sondig en het vir hulle 'n gegote beeld van hulle silwer gemaak, afgode volgens hulle insig, geheel en al smidswerk; van hulle word gesê: Die mense wat offer, vereer kalwers met kusse!	13:2 And now they sin more and more, and have made them molten images of their silver, and idols according to their own understanding, all of it the work of the craftsmen: they say of them, Let the men that sacrifice kiss the calves.
13:3 Daarom sal hulle wees soos 'n môrewolk en soos dou wat vroeg weer verdwyn, soos kaf wat wegvlieg van die dorsvloer en soos rook uit die venster.	13:3 Therefore they shall be as the morning cloud and as the early dew that passeth away, as the chaff that is driven with the whirlwind out of the floor, and as the smoke out of the chimney.
13:4 Tog was Ek, die HERE, jou God van Egipteland af, en buiten My het jy geen God geken nie, ja, behalwe My is daar geen Heiland nie.	13:4 Yet I am the Lord thy God from the land of Egypt, and thou shalt know no god but me: for there is no saviour beside me.
13:5 Ek het jou in die woestyn geken, in die land van droogtes.	13:5 I did know thee in the wilderness, in the land of great drought.
13:6 Ooreenkomstig hulle weiveld het hulle versadig geword; toe hulle versadig was, het hulle hart hoogmoedig geword; daarom het hulle My vergeet.	13:6 According to their pasture, so were they filled; they were filled, and their heart was exalted; therefore have they forgotten me.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
13:7 Toe het Ek vir hulle soos 'n leeu geword, soos 'n luiperd lê Ek by die pad en loer.	13:7 Therefore I will be unto them as a lion: as a leopard by the way will I observe them:
13:8 Ek val hulle aan soos 'n beer wat van kleintjies beroof is, en Ek skeur hulle borskas oop; en soos 'n leeuin verslind Ek hulle daar, die wilde diere van die veld sal hulle verskeur.	13:8 I will meet them as a bear that is bereaved of her whelps, and will rend the caul of their heart, and there will I devour them like a lion: the wild beast shall tear them.
13:9 Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is.	13:9 O Israel, thou hast destroyed thyself; but in me is thine help.
13:10 Waar is nou jou koning, dat hy jou kan verlos in al jou stede, en jou regters van wie jy gesê het: Gee my 'n koning en vorste?	13:10 I will be thy king: where is any other that may save thee in all thy cities? and thy judges of whom thou saidst, Give me a king and princes?
13:11 Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek neem hom weg in my grimmigheid.	13:11 I gave thee a king in mine anger, and took him away in my wrath.
13:12 Saamgebind is die ongeregtigheid van Efraim, weggebêre is sy sonde.	13:12 The iniquity of Ephraim is bound up; his sin is hid.
13:13 Barensweë sal hom oorval, hy is 'n onverstandige kind; want as die tyd daar is, stel hy hom nie in die kindergeboorte nie.	13:13 The sorrows of a travailing woman shall come upon him: he is an unwise son; for he should not stay long in the place of the breaking forth of children.
13:14 Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge.	13:14 I will ransom them from the power of the grave; I will redeem them from death: O death, I will be thy plagues; O grave, I will be thy destruction: repentance shall be hid from mine eyes.
13:15 Wanneer hy vrug dra onder die broers, kom 'n oostewind, 'n wind van die HERE, wat uit die woestyn opkom; dan droog sy fontein op en sy bron dor uit. Dié sal 'n skat van allerhande kosbare voorwerpe roof.	13:15 Though he be fruitful among his brethren, an east wind shall come, the wind of the Lord shall come up from the wilderness, and his spring shall become dry, and his fountain shall be dried up: he shall spoil the treasure of all pleasant vessels.
13:16 Samaría sal daarvoor boet, omdat hy weerspanning was teen sy God; hulle sal val deur die swaard, hulle kinders sal verpletter en hulle swanger vroue oopgesny word.	13:16 Samaria shall become desolate; for she hath rebelled against her God: they shall fall by the sword: their infants shall be dashed in pieces, and their women with child shall be ripped up.
Hosea 14	Hosea 14
14:1 Bekeer jou, Israel, tot die HERE jou God, want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid.	14:1 O israel, return unto the Lord thy God; for thou hast fallen by thine iniquity.
14:2 Neem woorde met julle, en bekeer julle tot die HERE; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied.	14:2 Take with you words, and turn to the Lord: say unto him, Take away all iniquity, and receive us graciously: so will we render the calves of our lips.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:3 Assur kan ons nie red nie, op perde wil ons nie ry nie en tot die werk van ons hande nie meer sê: Onse God nie! Want by U vind die wees ontferming.	14:3 Asshur shall not save us; we will not ride upon horses: neither will we say any more to the work of our hands, Ye are our gods: for in thee the fatherless findeth mercy.
14:4 Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend.	14:4 I will heal their backsliding, I will love them freely: for mine anger is turned away from him.
14:5 Ek sal vir Israel wees soos die dou, hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos die Líbanon.	14:5 I will be as the dew unto Israel: he shall grow as the lily, and cast forth his roots as Lebanon.
14:6 Sy lote sal uitsprei, en sy prag wees soos dié van 'n olyfboom en sy geur soos die Líbanon.	14:6 His branches shall spread, and his beauty shall be as the olive tree, and his smell as Lebanon.
14:7 Die wat onder sy skaduwee sit, sal weer koring laat groei; en hulle self sal bloei soos die wingerdstok; die roem daarvan sal wees soos die wyn van die Líbanon.	14:7 They that dwell under his shadow shall return; they shall revive as the corn, and grow as the vine: the scent thereof shall be as the wine of Lebanon.
14:8 Efraim, wat het Ek nog met die afgode te doen? Ek het hom verhoor en hou my oog oor hom. Ek is soos 'n groen sipres; uit My word jou vrug gevind.	14:8 Ephraim shall say, What have I to do any more with idols? I have heard him, and observed him: I am like a green fir tree. From me is thy fruit found.
14:9 Wie wys is, laat hom op hierdie dinge let! Wie verstandig is, laat hom dit erken! Want die weë van die HERE is reg; en die regverdiges sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel!	14:9 Who is wise, and he shall understand these things? prudent, and he shall know them? for the ways of the Lord are right, and the just shall walk in them: but the transgressors shall fall therein.